# LAERSKOOL DALVIEW

## NATUURWETENSKAP

GRAAD 7 EKSAMEN
NOVEMBER 2016

**Afdeling B**

**Instruksies**

- Maak seker dat Afdeling A klaar beantwoord is voordat jy met Afdeling B begin.
- Jy moet Afdeling B op die aparte folio papier beantwoord.
- Maak seker dat jou Naam, Van en klas aan die bo kant van die papier aangebring is.
- Werk netjies.

**Vraag 1** **(17)**

1.1) Noem 5 vernaamste kenmerke wat 'n huis moet hê om warmte in te hou. (5)

1.2) Noem die twee faktore wat die grootte van swaartekrag tussen hulle kan beinvloed. (2)

1.3) Gee 'n beskrywing van wat getye is. (2)

1.4) Gee 'n beskrywing van hoogwater en laagwater. (2)

1.5) Gee 'n verduideliking hoekom die aarde en ander planete in hulle wentelbane om die son kan bly (daar is twee redes). (2)

1.6) Gee 'n beskrywing van wat 'n ster is. (2)

1.7) Ons kan sê dat die draaiing van die aarde om sy eie as help om toestande vir ons net reg te hou om op aarde te oorleef. Verduidelik hoekom dit so is. (2)

**Vraag 2** **(13)**

2.1) Wanneer die Suidelike Halfrond in die winter weg van die son gekantel is, is dit koeler. Gee 'n verduideliking hoekom ons die son se strale as koeler beleef. (2)

2.2) Wat is die rol (funksie) wat steenkool en uraan by die opwekking van elektrisiteit speel? (2)

2.3) Noem drie soorte kragstasies wat elektrisiteit op groot skaal in Suid-Afrika opwek. (3)

2.4) Noem drie algemene wenke hoe ons elektrisiteit kan bespaar. (3)

2.5) Wat verstaan jy onder "die doeltreffendheid van 'n stelsel" wanneer dit kom by energie-oordrag? (1)

2.6) Wat verstaan jy onder die begrip "vermorste energie"? (2)

**Totaal Afdeling B: 30 punte**